

Gehoorzaamheid aan God!

Om jou roeping as gelowige waarlik uit te leef vra volle gehoorzaamheid aan God. Of dit amptelike dienswerk is, of diens vanuit die amp as gelowige, in alles moet ons vra na die wil van God. Paulus skryf hulle suksesvolle dienswerk in Tessalonika toe aan hulle gehoorsame antwoord op die leiding van God se Gees. Hy noem drie aspekte waarteen 'n mens moet waak in die bediening van God se Woord:

- *Dit wat jy verkondig moet nie 'n dwaling wees nie.* Vir Paulus self het dit beteken om nooit mense te mislei deur hulle met die heuningkwas te vlei nie. Hy het nie vleitaal gebruik in 'n poging om mense daardeur te beïndruk nie. Hy het eerder, soos 'n pa sy kinders, elke gelowige bemoedig en aangespoor om tot eer van God te lewe.
- *Jou dienswerk moet nie deur onsuiwre beweegredes gedryf word nie.* By Paulus was daar geen gedagtes van hebsug nie, geen verborge motief om hom finansiëel te verryk nie. Hy was bereid om, soos 'n ma teenoor haar kinders, eerder sy lewe vir die gelowiges te gee.
- *Jou dienswerk moet sonder enige bybedoelings wees.* Paulus het nie mense 'n rat voor die oë probeer gedraai om hulle te beïndruk nie. Soos 'n babatjie het hy sy ware bedoelings gewys.

In jou dienswerk en in jou omgang met ander gelowiges moet hierdie drie kenmerke uitgeleef word.

Sing: Psalm 34:1, 6

Ds. WGM Kotze (Rooihuiskraal)